

**28 OKTOBER**

**SKrifgedeelte: JOHANNES 15:1-8**  
**FOKUSGEDEELTE: JOHANNES 15:7-8**

**Vra net wat julle wil hê en julle sal dit kry**

Kan ek maar enigiets vir die Here vra? En sal Hy gee wat ek van Hom vra?

By die eerste lees van hierdie teksgedeelte lyk dit of 'n mens 'n eenvoudige "ja" op hierdie vrae kan antwoord. Jesus sê tog self: "...vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry."

'n Mens moet egter versigtig wees om nie net die helfte van die vers te lees nie, want hier is eintlik 'n duidelike voorwaarde by: "As julle in My bly en my woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry." Dit moet ons ook saamlees met die woorde in die volgende vers: "My Vader word huis daardeur verheerlik dat julle baie vrugte dra en my dissipels is."

Waارoor gaan dit hier? Ek en jy moet daarna streef en al meer daarin groei om werklik een te wees met ons Here Jesus. Soos die lote wat op die wingerdstok ingeënt is (waarvan ons vanaf vers 1 lees) moet ons hele lewe vanuit Hom groei en moet daar voortdurend nuwe vrugte van die geloof sigbaar wees. Daar mag nie sprake wees van die eie ek en wat ek wil doen en bereik in die lewe nie: alleen maar van Christus (Fil. 1:21) en wat Hy leer en wat Hy wil hê in sy koninkryk.

Wanneer hierdie verandering by ons posgevat het, sal dit ook so wees dat dit wat ons in gebede vra, in ooreenstemming sal wees met dit waarvoor Christus staan en wat Hy verwag. Dan leef ons werklik naby Hom, een met Hom – en dan is ons gebede ook heeltemal anders.

Ek kan dus nie maar sommer net vra wat ek dink goed en reg is, en dan verwag dat God dit so moet laat gebeur nie. My gedagtes, woorde en dade moet in alles al hoe meer ooreenstem met die waarheid in die Woord en ondergeskik wees aan die leiding van die Gees. Dan vra ek wat volgens God se wil is vir sy koninkryk. Sulke gebede, verseker Jesus ons, word ten volle deur God beantwoord.

*Sing: Skrifberyming 17-1:1, 6*

*Ds Rassie Smit (Nelspruit)*